nesburger George Oertel, verlede jaar 'n deelnemer aan die Tour d'Afrique, wys saam onkie en sy baas dat hierdie groot toer nie net oor fietsry gaan nie.
Foto: THERESA BROWN

rie fietsryers van Wes-Kaap durf Tour d'Afrique aan

SATERDAG het 45 fietsryers in Kaïro weggespring met die piramides agter hulle en 12 000 km voor hulle in die Tour d'Afrique, wat vanjaar die vyfde keer plaasvind. Onder hulle is vyf Suid-Afrikaners, van wie drie Kapenaars.

Die 32-jarige Patrick Thomas van Kaapstad is 'n fisioterapeut vir perde wat hom vir die volle afstand van Kaïro na Kaapstad ingeskryf het. Hy wou nog altyd deur Afrika reis.

"Baie mense dink ek is van lotjie getik om hierdie avontuur te wil aanpak. Persoonlik het ek met tye gevoel ek word mal in die voorbereiding vir die toer, maar ek is lief vir fietsry en ultra-driekampe. Toe ek dus die eerste keer van die Tour d'Afrique gehoor het, was dit dadelik my droom om deel te neem," het hy voor sy vertrek gesê.

David Papenfus, 'n 32-jarige IT-konsultant van Stellenbosch wat tans in Zürich, Switserland, woon en werk, het gesê hy het al Kilimandjaro geklim, die Inka-staproete aangedurf en vier Argus-fietstoere voltooi.

Hy wou nie voor die tyd enige uitdagings uitsonder nie. "Ek sal probleme of moeilike gedeeltes takel wanneer ek daarby uitkom," het hy gesê.

Die derde deelnemer van die Wes-Kaap is die 42-jarige Darrel Wratten, die direkteur van 'n maatskappy wat bemarkingsnavorsing doen. Hy sal nie die hele afstand voltooi nie, maar net die deel van Kaïro na Nairobi, naamlik die "Pharaoh's Delight", "The Gorge" en die "Meltdown Madness".

Volgens Wratten het hy op die ingewing van die oomblik besluit om hom in te skryf. Sy antwoord op watter voorbereiding hy gedoen het, was: "Ek het 'n vliegtuigkaartjie gekoop, om visums aansoek gedoen en my fiets se ketting geolie."

Die doel van die toer, wat oor 120 dae strek (waarvan 96 fietsrydae is), is tweeledig. Dit gee amateur- en professionele fietsryers kans om aan 'n internasionale uithourit deel te neem, terwyl terselfdertyd geld ingesamel word vir fietse vir gesondheidswerkers in Afrika. Volgens die organiseerders is meer as 500 fietse die afgelope vier jaar aan meer as 20 organisasies geskenk.

● Om die Wes-Kapenaars se vordering te volg, kan lesers *BuiteBurger* die volgende vier maande dophou. Besoek ook www.dieburger.com vir videogrepe en klankonderhoude.

Die drie Wes-Kapenaars wat vanjaar aan die Tour d'Afrique deelneem, is van links David Papenfus, Darrel Wratten en Patrick Thomas.
Foto: VERSKAF